George Washington

George Washington (1732-1799) was **opperbevelvoerder** van die Kontinentale Leër tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775-1783). Nadat hierdie leër die Britte verslaan het, het hy twee **termyne**, van 1789 tot 1797, as die eerste president van die splinternuwe staat, die Verenigde State van Amerika, gedien.

Vroeë lewe

George Washington is op 22 Februarie 1732 in die Britse kolonie Virginië (in Engels: *Virginia*) gebore. Hy was die oudste van Augustine Washington en sy tweede vrou, Mary Ball Washington, se ses kinders. Sy ouers was grondbesitters en boere. [1]

Sy pa is dood toe hy 11 was, en sy ouer halfbroer, Lawrence, het sy **voog** geword. Daar is nie vreeslik baie inligting beskikbaar oor sy vroeë kinderjare nie, maar geskiedkundiges weet dat hy vanaf die ouderdom van 7 tot 15 tuis deur sy broer se vrou onderrig is, en later by die predikant en 'n skoolmeester in wiskunde, geografie, Latyn en die Engelse klassieke werke onderrig ontvang het. [2]

Die stories oor sy kleintyd – soos dat hy sy pa se kersieboom afgekap het en 'n muntstuk oor 'n rivier sou gegooi het – is ná sy dood deur sy bewonderaars oorvertel, maar daar is nie bewyse dat dit wel gebeur het nie. [2]

Landmeter

Op sewentien is George as die **landmeter** vir Culpeper County aangestel. Vir hom het die werk avontuur en 'n **bestendige** inkomste gebied, en dit het hom die geleentheid gegee om grond wat nog nie aan iemand behoort het nie, te koop. Hierdie ervaring as landmeter het die jong George laat besef hoe belangrik dit vir

die toekoms van die **kolonies** is om in ’n westelike rigting uit te brei. [3]

Grondbesitter en boer

Toe hy 20 was, is sy broer Lawrence aan **pokke** oorlede. George het Lawrence se plaas, Mount Vernon, geërf. Hierdie plaas was geleë op die oewer van die Potomac-rivier. Hy het die landgoed geleidelik vergroot totdat dit naderhand meer as 8 000 **hektaar** (80 km^2) groot was. Hy het die huis op die plaas ook vergroot en verbeter. Dit was vir hom belangrik om op hoogte te bly van die jongste wetenskaplike navorsing sodat hy dit op sy eie boerdery kon toepas. [4]

Bevelvoerder van die Virginiese burgermag

In Desember van 1752 het Washington, wat geen vorige militêre ondervinding gehad het nie, die **bevelvoerder** van die Virginiese **burgermag** (in Engels: *militia*) geword. [4] Onthou dat die VSA, soos ons dit vandag ken, nog nie een land was nie. Die **deelstate** waaruit die VSA saamgestel is, was nog Britse kolonies, en gewone mans moes hulle gemeenskappe en besittings teen binnelandse en buitelandse vyande beskerm. [5]

In 1754 het Washington, wat toe ’n **majoor** was, per ongeluk die Frans-Indiaanse Oorlog aan die gang gesit toe sy magte ’n Franse offisier aangeval en vermoor het. Franse en Inheemse Amerikaanse magte het ’n teenaanval aangevoor en Washington se burgermag verslaan. In 1755 het hy aan die **rampspoedige** Slag van Monongahela deelgeneem, waar die Franse en hul Inheemse Amerikaanse bondgenote ’n groot Britse en burgermag verdryf het. [6]

In 1758 het hy uit die burgermag bedank. Alhoewel die Britte uiteindelik die

oorlog gewen het, was Washington se **reputasie** as ’n soldaat onseker. Die Britse leiers het hom as ’n swak bevelvoerder beskou, terwyl **koloniste** gedink het hy is ’n dapper en **standvastige** leier. [6]

Toetrede tot die politiek

Ná die oorlog het Washington na Virginië teruggekeer om verder te boer, maar toe hy 26 was, is hy tot Virginië se koloniale wetgewer, of regering, verkies. Kort daarna het hy met Martha Dandridge Custis, ’n ryk weduwee met twee jong kinders, getrou. [6]

Washington het toenemend in politiek belang gestel. Teen 1771 het hy die Britte openlik gekritiseer oor wat hy as onderdrukkende belastingbeleid teenoor die kolonies beskou het. Hy is deur die Virginiese wetgewer verkies om die kolonie by die Eerste Kontinentale Kongres in 1774 te verteenwoordig, en in April 1775 het Washington die Tweede Kontinentale Kongres bygewoon. Op 14 Junie het die Kongres besluit om ’n Kontinentale Leër tot stand te bring. Die volgende dag is Washington gekies as die nuwe weermag se **opperbevelvoerder**. Sy persoonlike **integriteit**, militêre ervaring en **status** as oorlogsheld het bygedra tot sy verkiesing. [6]

Lees gerus ons artikel oor die Amerikaanse Vryheidsoorlog (ook bekend as die Amerikaanse Revolusie) waarin die aanloop tot en verloop van die gebeure breedvoerig bespreek word.

Oorlogsheld in die Amerikaanse Vryheidsoorlog

Vyf jaar lank het Washington as die hoof van die weermag gedien terwyl die Vryheidsoorlog teen die Britte gewoed het. Die Britte het uiteindelik in 1781 by

Yorktown in Virginië oorgegee. Washington was nou ’n held, en hy is beskou as die persoon wat die kolonies, al was dit met die Franse se hulp, uiteindelik onafhanklikheid van Groot-Brittanje laat verkry het. [6]

Die eerste Amerikaanse president

Toe die Verdrag van Parys in 1783 ’n einde gemaak het aan die Vryheidsoorlog, het Washington sy **kommissie bedank**. Dit het beteken dat hy al die mag wat hy as aanvoerder van die leër gehad het, prysgegee het. Sulke optrede was byna **ongekend** en het hom ’n internasionale held gemaak. [7]

Sy loopbaan as verteenwoordiger van sy staat was egter nie verby nie. In 1787 is Washington deur Virginië as ’n afgevaardigde na die jong VSA se Grondwetlike Konvensie gestuur. Die afgevaardigdes by hierdie konvensie het ’n grondwet saamgestel wat ’n regering geskep het met aansienlik meer gesag en **gesentraliseerde** mag. Hulle het gehoop dat die nuwe regering die ekonomiese, diplomatieke en huishoudelike rampe wat die nuwe staat **in die gesig gestaar het**, sou kon oplos. Die afgevaardigdes by die konvensie het George Washington met die presidentskap vertrou. Tot vandag toe is hy die enigste Amerikaanse president wat **eenparig** verkies is. [7]

Op 16 April 1789 is George Washington as die eerste president van die Verenigde State ingehuldig. [7]

Nadat hy twee agtereenvolgende termyne as president gedien het, het Washington in 1797 na Mount Vernon teruggekeer en daar afgetree. Twee jaar later, op 14 Desember 1799, is hy oorlede. [8]

Nalatenskap: die standaard vir ander Amerikaanse presidente

As die land se eerste president het Washington die voorbeeld vir ander presidente gestel. Hy het bepaal hoe die nasie **verdrae** met ander lande sou sluit. Hy het besluit hoe die president kabinetslede sou kies en raad sou kry. Hy het ook die gewoonte begin van om ’n gereelde Stand van die Unie-toespraak (in Engels: *State of the Union Address*) te hou, waarin hy elke jaar aan die land verslag gedoen het van hoe sake staan. Hy het federale regters aangestel en basiese regeringsdienste soos banke gevestig. As president het hy ook hard gewerk om te verhoed dat die nuwe land in oorloë met Inheemse Amerikaners en Europese nasies betrokke raak. [8]

Gedurende Washington se tyd as president was New York eers die land se tydelike hoofstad, toe Philadelphia in Pennsilvanië. Alhoewel Washington gehelp het om ’n permanente nasionale hoofstad te beplan, het sy presidentskap geëindig voordat die federale regering na die stad verhuis het wat later na hom genoem is: Washington, DC. [8]

Woordbank

bestendige	Standvastige; wat nie verander nie en waarop ’n mens kan vertrou.
bevelvoerder	Iemand wat beheer of gesag oor ander het.
burgermag	’n Militêre mag wat uit burgerlikes bestaan.
deelstate	Die state waaruit ’n federale staat, soos die Verenigde State van Amerika, saamgestel is.
eenparig	Sonder ’n teenstem.
gesentraliseerde	Mag onder die beheer van een verenigde owerheid of geleë op ’n enkele plek,

hektaar	’n Maateenheid vir grondoppervlak, veral plase.
in die gesig gestaar het	Deur iets, gewoonlik iets negatiefs, gekonfronteer word; figuurlik bedoel.
integriteit	Baie goeie karakter.
kolonies	Gebied wat aan ’n ander staat/moondheid onderhorig en daarvan afhanklik is.
koloniste	Inwoners van die land wat ’n kolonie van ’n groter land is.
kommissie bedank	As offisier uit die weermag bedank.
landmeter	Iemand wat grondgebied opteken en kaarte daarvan opstel.
majoor	Offisier net onder ’n luitenant-kolonel in rang.
ongekend	Die eienskap dat dit nog nie gebeur het nie.
opperbevelvoerder	Persoon in ’n leër met die hoogste gesag.
pokke	Aansteeklike siekte wat tot blindheid kan lei en swere veroorsaak wat merke op die vel agterlaat.
reputasie	Dit waarvoor iemand bekend is, hetsy goed of sleg.
rampspoedige	Met ’n baie slegte einde.
standvastige	Bestendige; wat nie verander nie en waarop ’n mens kan vertrou.
status	Posisie, rang.
termyne	Vasgestelde beperkte periodes, tydsduur; ampstyd, sitting.
verdrae	Ooreenkomste tussen state.
voog	Volwasse persoon wat na ’n minderjarige omsien wie se ouers nie meer leef nie of nie meer kan sorg nie.

Verbreed jou kennis met hierdie artikels

- **Kry hier ’n vinnige oorsig**
- **Addisionele inligting oor George Washington**

Kyk ook hier

Kort biografie oor George Washington

’n Geanimeerde video oor al sy prestasies

Kort vasvra oor Washington